

# Mushroom Valley-onderstandskamp

D.A. van der Bank

Nasionale Museum, Bloemfontein

DIE TWEDE ANGLO-BOEREOORLOG (1899-1902) en veral die ‘verskroeide aarde’-beleid het die Oranje-Vrystaat (die Oranjerivierkolonie of ORK soos dit in daardie stadium bekend gestaan het) in ’n verlate wildernis omskep. Ooreenkomsdig die bepalings van die Vrede van Vereeniging was dit die verantwoordelikheid van die nuwe Britse regering om die krygsgevangenes sowel as die inwoners van die konsentrasiekampe te hervestig en van lewensmiddelle te voorsien tot tyd en wyl hulle in staat sou wees om in hulle eie behoeftes te voorsien.<sup>1</sup> Die verlening van repatriasiehulp, die uitbetaling van kompensasie en hulpverlening in die vorm van onderstandswerke na die oorlog was onontbeerlik vir die oorlewing van ’n groot gedeelte van die bevolking. In koerantberigte en in die notule van die Brandfort-kongres<sup>2</sup> is dan ook waardering vir ‘de goede intensie’ van die regering uitgespreek.<sup>3</sup> Ongelukkig het die praktiese implementering van hierdie hulpskemas aan vele gebreke mank gegaan en op die lang duur miskien meer kwade gevoelens veroorsaak as wat dit positiewe resultate opgelewer het.

Omdat baie behoeftige gesinne, weduwees, weeskinders en bejaardes geen ander heenkome gehad het nie, was daar teen die einde van November 1902, ses maande na die vredesluiting, nog 11 000 mense in die konsentrasiekampe.<sup>4</sup> In die loop van die volgende maand is al hierdie kampe gesluit met die uitsondering van Brandfort-kamp waarheen weduwees en wese, bejaardes, siekes en andere wat glad nie in staat was om vir hulself te sorg nie, oorgeplaas is. Hierdie laaste konsentrasiekamp is in Maart 1903 finaal gesluit.<sup>5</sup> Reeds voor die sluiting van die konsentrasiekamp het die owerheid egter besef dat daar armlankes en hulpbehoewendes sonder ’n heenkome gaan oorbly. Dit het veral gegeld vir die bywoners omdat baie grondeienaars, wat self deur die oorlog in armoede gedompel is, nie kans gesien het om bywoners op hulle pleise terug te neem nie. In stede daarvan om die konsentrasiekampstelsel en rantsoenering voort te sit, is besluit om werkgeleenthede te skep ten einde behoeftige burgers in staat te stel om geld te verdien waarmee hulle hulself en hul gesinne kon onderhou. Vir dié doel is die Relief Works Department met luitenant (later kaptein) B.H.O. Armstrong as direkteur in Julie 1902 in die lewe geroep.<sup>6</sup>

## ONDERSTANDSWERKE

Die doel van die Relief Works Department was dus tweeledig, naamlik om werkgeleenthede vir behoeftige burgers en armlankes te skep, ‘and to assist in closing the Refugee Camps of people whom it was otherwise impossible to repatriate.’<sup>7</sup> In ’n sekere sin kan die onderstandskampe as ’n voortsetting of ’n verlengstuk van die konsentrasiekampe beskou word. Emily Hobhouse het dit in die lig hiervan in sterk taal veroordeel: ‘They perpetuated many of the evils inherent in the Concentration Camp system and fostered the growth of a “Poor White” population uprooted from the soil.’<sup>8</sup> Daarteenoor was Armstrong oortuig dat die kampe vir die inwoners nie alleen materiële voordele ingehou het nie, maar dat ’n vaste betrekking en ’n vasgestelde loon die mense moreel opgehef het. Voorts het dit ook daartoe bygedra om die vooroordeel teen ‘kafferwerk’ wat so algemeen onder armlankes voorgekom het, die nek in te slaan.<sup>9</sup>

Vanaf Julie tot Desember 1902 is altesaam vyf onderstandskampe geopen. In Julie 1902 is die eerste kamp op Strydfontein naby Kroonstad gevvestig. Gedurende September en Oktober is die kampe by Tweespruit (destyds in die distrik Thaba Nchu), Kransdraai (naby Bethulie) en Mushroom Valley (suid van Winburg) be-

gin, terwyl die kamp by Parys in Desember tot stand gekom het. In Mei 1903 is ’n aantal werkers wat aan die Wilgerivier-spoorlyn gewerk het in Glenlennie-kamp hervestig.<sup>10</sup>



Gedeelte van Mushroom Valley-kamp. Die eenvoudige sooi-, sink- en baksteenhuette is opvallend.

FOTO: VRYSTAATSE ARGIEFBEWAARPLEK, BLOEMFONTEIN

Die onderstandswerke as sodanig het grotendeels uit die bou van damme en besproeiingskanale bestaan. Aangesien die meeste van die inwoners voor die oorlog boere of bywoners was, was dit ’n tipe werk wat by hulle ervaring en vermoëns gepas het. Werkers in die kampe by Tweespruit en Parys het ook aan die spoorlyn ge-

LW: Alle argivale verwysings berus op bronne in die Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein.

<sup>1</sup> J.D. Kestell en D.E. van Velden, *De vredesonderhandelingen tusschen de Regeering der twee Zuid-Afrikaansche Republieken en die vertegenwoordigers der Britsche Regeering* (Pretoria, 1909), pp. 117 en 119.

<sup>2</sup> Die Brandfort-kongres wat in Desember 1904 belê is om kompensasiegriewe te bespreek, is deur die Bloemfontein-kongresse voortgesit en het uiteindelik op die stigting van die Orangia-Unie uitgeeloop.

<sup>3</sup> *Offisieel verslag van de verrichtingen van het Nasionale Kongres gehouden te Brandfort op 1 en 2 Desember 1904*, p. 59.

<sup>4</sup> Cd.1551 *Progress of administration in the Transvaal and Orange River Colony*, 1903, p. 54.

<sup>5</sup> De Kerkbode, 2.4.1903, p. 160.

<sup>6</sup> C.O.301 *Relief Works Department, ORC*, July 1903; Cd.1551 *Progress of administration ...*, p. 50.

<sup>7</sup> Cd.1551, p. 92.

<sup>8</sup> R. van Reenen (red.), *Emily Hobhouse: Boer War letters* (Kaapstad, 1984), p. 214.

<sup>9</sup> C.O.301, p. 2.

<sup>10</sup> C.O.342 *Relief Works Department. Report for the year ending 30th June 1903*.

werk, terwyl geboue op Tweespruit-proefplaas ook deur die kampinwoners opgerig is.<sup>11</sup>

Siviele ingenieurs, wat terselfdertyd vir die konstruksie van die damme en kanale verantwoordelik was, het as superintendent van die kampe opgetree. Met die uitsondering van enkele administratiewe beampies en mediese personeel is alle werk deur die kampinwoners self verrig. Geen rantsoene is uitgereik nie — behalwe in die hospitaal — en inwoners was verplig om hulle lewensmiddele by die kampwinkels te koop.<sup>12</sup>


Daar die maatreëls in al die kampe min of meer dieselfde was, sal vir die doeleindes van hierdie artikel slegs op Mushroom Valley gekonsentreer word.

## MUSHROOM VALLEY-KAMP

As 'n regeringsplaas van die vroeëre Vrystaatse boere-republiek het Mushroom Valley die eiendom van die regering van die ORK geword. Dat Mushroom Valley, soos ander plase waarop onderstandskampe tot stand gekom het, reeds regeringsgrond was, was dus 'n belangrike oorweging in die keuse van die terrein.<sup>13</sup>

Mushroom Valley is ongeveer 34 kilometer suidoos van Winburg in die vloedvlakte van die Klein-Vetrivier geleë.<sup>14</sup> Dit was oorspronklik 1 255 hektaar groot<sup>15</sup> en bestaan uit grasveld met kruisbessie, olienhout, karee en ghwarriebos in die omliggende koppies en rivierlope.<sup>16</sup> Dit is geleë aan die rand van die graanproduserende Oos-Vrystaat met 'n gemiddelde jaarlikse reënval van 600 mm.<sup>17</sup>

Sover vasgestel kon word, is die kamp teen die einde van September of vroeg in Oktober 1902 begin.<sup>18</sup> Met sy aankoms op Mushroom Valley in Oktober 1902 het die superintendent, Charles Hassard, reeds 'n waarnemende superintendent, drie amptenare en meer as 40 burgers wat van die Winburgse konsentrasiekamp daarheen oorgeplaas is, op die plaas aangetref.<sup>19</sup> Daar kan dus aanvaar word dat reeds in September met die kamp begin is.



Skoon drinkwater is verkry uit tien watertanks.

FOTO: VRYSTAATSE ARGIEFBEWAARPLEK, BLOEMFONTEIN

twaalf waterkrane in die kamp versprei. Aangesien die kamp op 'n uitgestrekte grasvlakte geleë was, moes brandhout oor 'n afstand van meer as 30 kilometer vervoer word, terwyl 40 ton steenkool vanaf Winburg-stasie aangery is. Trekdiere wat van die repatriasiedepartement oorgeneem is teen £17 per muil en £15 per os, was in 'n swak kondisie en eers na 'n paar weke op die veld vir werk geskik omdat vervoer in daardie stadium onverkrybaar was.<sup>21</sup>

'n Hospitaal is binne 'n redelike afstand van die kamp af ingerig met 'n geneesheer, twee opgeleide verpleegsters en drie hulpverpleegsters wat uit die vroulike inwoners van die kamp aangestel is.<sup>22</sup> Die hospitaal is egter min gebruik. In Julie 1903, toe daar meer as 800 inwoners in die kamp was, was daar slegs vier pasiënte in die hospitaal.<sup>23</sup> Oor die algemeen was die gesondheid van die inwoners besonder goed.<sup>24</sup> Wat die inrigting van die kamp betref, is dit opvallend uit die verslae van die superintendent van Mushroom Valley sowel as dié van die direkteur van die departement dat besondere aandag aan higiëne gegee is. Dit is waarskynlik in groot mate hieraan te danke dat die inwoners van epidemiese siektes gevrywaar is.<sup>25</sup> Hassard, die superintendent, het in sy verslae spesiaal daarvan melding gemaak dat daar in die Mushroom Valley-kamp nie 'n enkele geval van ingewandskoors was nie. Oor 'n tydperk van twee jaar het slegs 25 sterftes onder die inwoners voorgekom.<sup>26</sup> Uit die sorg wat daar aan die dag gelê is met die inrigting van die kamp en die verskaffing van skoon drinkwater, kan die afleiding gemaak word dat die owerhede daarop bedag was om nie die foute van die konsen-



Kaptein B.H.O. Armstrong (regs), direkteur van die onderstandswerke op reis saam met Hassard (in die middel).

FOTO: VRYSTAATSE ARGIEFBEWAARPLEK, BLOEMFONTEIN

Aangesien die plaas onontwikkeld was, moes water en verblyf eerste voorsien word. Nuwe aankomelinge in die kamp is aanvanklik in tente gehuisves maar hulle het self hutte van sooi, rousteen of klip opgerig. Sinkplate en timmerhout kon teen kosprys van die Relief Works Department aangekoop word.<sup>20</sup> Water vir huishoudelike gebruik is verkry deur twee standhoudende putte te grawe. Vanaf die putte is die water na tien 400 gelling-(1 818 liter-) tenks gepomp en met 'n pyleiding na

<sup>11</sup> W.B. Worsfold, *The reconstruction of the new colonies under Lord Milner*, I (Londen, 1913), p. 78; C.O.342.

<sup>12</sup> C.O.301.

<sup>13</sup> Ibid.

<sup>14</sup> Cd.1551 *Progress of administration* ..., p. 92; *Kaart 2826: Winburg*, 1:150 000, 1974.

<sup>15</sup> A416 *Orange River Colony Relief Works*, p. 3.

<sup>16</sup> J.P.H. Acoks, 'Veld types of South Africa', *Memoirs van die Botaniëse Opname van Suid-Afrika*, 57, pp. 101-102.

<sup>17</sup> A416, p. 10.

<sup>18</sup> Cd.1551, p. 93; C.O.342.

<sup>19</sup> A416, p. 4.

<sup>20</sup> C.O.301, p. 6; Cd.1551, p. 92.

<sup>21</sup> A416, pp. 6-10.

<sup>22</sup> Ibid., p. 20.

<sup>23</sup> C.O.301, p. 5.

<sup>24</sup> Friend's *South African Relief Fund. Report on a visit to Orange River and Transvaal Colonies, and Relief Work, in Autumn, 1903*, by James Butler and Lawrence Richardson, p. 7.

<sup>25</sup> C.O.301, pp. 4-6; A416, pp. 4, 5, 8 en 20.

<sup>26</sup> A416, p. 20.

trasiekampe te herhaal nie. Wat tot die goeie gesondheid van die kampinwoners bygedra het, was dat baie van hulle wat voorheen in die konsentrasiekampe was, beter op die primitiewe kamplewe voorbereid was.

Dat daar onder die Afrikaners in die maande na die oorlog werklik 'n behoefte aan noodleniging was, blyk uit die toename in getalle. In Mei 1903, ongeveer sewe maande na die opening van die kamp, was daar reeds 387 mans, 137 vrouens en 207 kinders in die kamp.<sup>27</sup> Teen die einde van Junie het die inwonertal tot 805 gestyg waarvan 351 mans en seuns was wat aan die damwal gewerk het.<sup>28</sup> Volgens die superintendent was daar vir die grootste duur van die kamp 'n totale inwonertal van meer as 1 200.<sup>29</sup>

Aangesien die onderstandswerke opgerig is met die uitsluitlike doel om hulpbehoewendes in staat te stel om in hulle eie behoeftes te voorsien, het die geld wat hulle verdien het die lewenstandaard van die inwoners bepaal. Volwasse mans se loon is op 4s.6d. per dag vasgestel, terwyl hulle met sekere tipes werk 1s. per dag meer kon verdien.<sup>30</sup> Seuns tussen twaalf en agtien jaar is ook in diens geneem en kon van 1s.6d. tot 3s. per dag verdien, afhangende van hulle vermoëns. Voormanne (of korporaals soos hulle deur die inwoners genoem is) is ook uit eie geledere aangewys en hul loon was 7s.6d. per dag.<sup>31</sup> Vrouens en meisies kon 2s. per dag verdien met die herstel van tentseile en soortgelyke werk of hulle kon as hulpverpleegsters in die hospitaal werk.<sup>32</sup> Uit die loon van 4s.6d. per dag kon alleenlopende mans in hulle daagliks behoeftes voorsien en selfs nog iets spaar. Vir 'n gesin was hierdie loon egter beswaarlik genoeg om liggaam en siel aanmekaar te hou.<sup>33</sup> Dit het meegebring dat die meeste inwoners nikks kon spaar om hulle weer op die been te bring nie. Daar is dus 'n mate van waardheid in die bewering in *The Friend*: 'The best that the Government "relief" could do for them was to make them navvies while it lasted, and to leave them paupers when it ended.'<sup>34</sup> Die reël wat inwoners verplig het om al hulle lewensmiddele by die kampwinkels te koop, het ook tot ontevredenheid teen die 'gedwongen winkellnering' aanleiding gegee.<sup>35</sup> Sommige van die mans het hulle gesinne op die plase agtergelaat om met die boerdery voort te gaan, terwyl hulself op die onderstandswerke 'n bykomende inkomste verdien het. So is daar in *The Friend* berig van 'n boer wat gereeld elke paar maande, sodra hy £4 gespaar het, 80 kilometer ver na sy plaas gestap het om die geld aan sy gesin te gee sodat hulle daarmee voedsel en saad kon koop.<sup>36</sup> Aangesien hulle nie deur die owerhede verplig is om in die kampe te bly nie, kon van die boere die kamp van tyd tot tyd verlaat om hulle plase te gaan bewerk.<sup>37</sup>

Ten spye van die karige loon en die primitiewe behuising kon geen bewys van grootskaalse ontevredenheid of verset teen die werk- en levensomstandighede in die kamp gevind word nie. Volgens Armstrong was die inwoners 'happy, contented and amenable to camp discipline'.<sup>38</sup> Aanvanklik was die kampowerheid bevrees dat probleme tussen sommige bittereinders en hendsoppers mag ontstaan, maar ten spye van 'n mate van wrywing het dit nooit tot enige werklike probleme gelei nie. Die indruk wat gelaat word deur die verslae van die departement en ook deur ander waarnemers is dat die inwoners oor die algemeen met hulle lot tevrede was. Aangesien baie as gesinne in die kamp gewoon het, was daar geleentheid om, sover omstandighede dit toegelaat het, 'n gesonde en gebalanseerde gemeenskapslewe in stand te hou. Huwelike is selfs in die kamp voltrek.<sup>39</sup> Oortredings, selfs van 'n geringe aard, het so te sê

nooit voorgekom nie. Die feit dat 'n waarskuwing van ontslag uit die kamp feitlik die enigste 'strafmaatreel' was wat ooit nodig was, spreek boekdele vir die wetsgehoorsaamheid en gode gedrag van die inwoners.<sup>40</sup>

## GODSDIENS EN ONDERWYS

Wat beslis tot die aanvaarding van die konsep van onderstandswerke deur die Afrikaners bygedra het, was die feit dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk sy steun aan die skema toegesê het. In 'n skrywe aan Armstrong was ds. J.J.T. Marquard, moderator van die Vrystaatse sinode, van mening dat '(t)he Church is in complete sympathy with the work done by your department'.<sup>41</sup> Op sy beurt het ds. Marquard gemeentes in die ORK oor die onderneming ingelig deur 'n kennisgewing in die amptelike kerkblad van die Ned. Geref. Kerk in die ORK, *De Fakkel*, waarin behoestiges met 'vrijmoeidigheid' aangeraai is om 'zich neer te zetten op eene van de plaatsen waar de Regeering bezig is met "Herstellingswerken"'.<sup>42</sup> 'n Beroep is voorts gedoen op kerkrade van die gemeentes waarbinne die onderstandskampe geleë was, om vaste leraars vir elke kamp te voorsien. Die kerk het die kampe nie net as 'n tydelike heenkome beskou nie, maar dit veral ondersteun omdat dit geestelike en opvoedkundige 'voorrechten' binne die bereik van vele, wat andersins daarvan verstoke sou wees, gebring het.<sup>43</sup>

Wat die kerklike bearbeiding van die inwoners van Mushroom Valley betref, het die kerkraad van Winburg die daad by die woord gevoeg en die medeleraar of hulpprediker van Winburg-gemeente, ds. W.J. Theron, het sy intrek geneem in die kamp waar hy ses maande lank in 'n tent moes woon.<sup>44</sup> Aanvanklik is erediens gehou in 'n markiestent wat deur die departement voorsien is,<sup>45</sup> maar 'n kerkgebou van roustene sowel as 'n woning vir ds. Theron is mettertyd opgerig.<sup>46</sup>

Skoolgeboue is deur die onderwysdepartement in al die onderstandskampe voorsien.<sup>47</sup> Die daarstel van onderwysfasilitete is deur die ouers verwelkom en die klasse is vir alle praktiese doeleindes deur alle kinders van skoolgaande ouderdom bygewoon.<sup>48</sup> In Maart 1903

<sup>27</sup> *The Friend*, 15.6.1903.

<sup>28</sup> C.O.342.

<sup>29</sup> A416, p. 8.

<sup>30</sup> *The Friend*, 15.6.1903.

<sup>31</sup> G.B. Beak, *The aftermath of war: an account of the repatriation of Boers and natives in the Orange River Colony, 1902-1904* (Londen, 1906), pp. 187-188.

<sup>32</sup> Cd.1551, p. 92.

<sup>33</sup> *Friend's South African Relief Fund* ..., p. 7.

<sup>34</sup> *The Friend*, 18.2.1905.

<sup>35</sup> Offisiële verslag ... Nasionale Kongres, p. 72.

<sup>36</sup> *The Friend*, 22.8.1903.

<sup>37</sup> Beak, *Aftermath of war*, pp. 188-189.

<sup>38</sup> C.O.301, p. 8.

<sup>39</sup> *Ibid.*; A416, pp. 19-20; *Friend's South African Relief Fund* ..., p. 7; *De Vriend*, 2.2.1905.

<sup>40</sup> C.O.301, p. 8.

<sup>41</sup> C.O.301: J.J.T. Marquard — Director of Relief Works, 20.2.1903.

<sup>42</sup> *De Fakkel*, 2.4.1903.

<sup>43</sup> *Ibid.*

<sup>44</sup> A1652: Charles Hassard — Director of Relief Works, 23.6.1903.

<sup>45</sup> *The Friend*, 15.6.1903.

<sup>46</sup> A3673 Land Settlement ORC. Buildings taken over from Relief Works at Kransdraai and Mushroom Valley, 14.2.1905; *De Kerkbode*, 19.11.1903, p. 566.

<sup>47</sup> Cd.1551, p. 92.

<sup>48</sup> C.O.301, p. 6.

het die skool in Mushroom Valley ongeveer 150 leerlinge gehad.<sup>49</sup> Drie maande later, in Junie 1903, het die leerlingtal tot 190 gestyg. Aangesien seuns vanaf twaalfjarige leeftyd deur die Relief Works Department in diens geneem is, is aandklasse vier aande per week aangebied en deur gemiddeld 75 seuns en jongmans bygewoon.<sup>50</sup> Alhoewel die skoolhoof, J.G.M. Richter, toegesien het dat Nederlands ook onderrig is,<sup>51</sup> is dit nie uit die beskikbare gegewens moontlik om te bepaal in watter mate Nederlands as onderrigmedium tot sy reg gekom het nie. In ooreenstemming met die regeringsbeleid ten opsigte van onderwys in die algemeen kan aanvaar word dat Engels die onderrigmedium was. Volgens die direkteur van onderstandswerke was die ouers 'keenly aware of the commercial advantage of a knowledge of English'.<sup>52</sup> Hiervan kan die afleiding gemaak word dat 'n groot persentasie van die Afrikanerouers in die kamp — net soos in die res van die ORK — nie die noodsaaklikheid van moedertaalonderrig kon of wou insien nie.

Die onderwyspersoneel in Mushroom Valley het bestaan uit J.G.M. Richter en J. Erasmus, sowel as mejj. M. Mackey, D. Bagot en E. Fallowfield.<sup>53</sup>

## WERKSOMSTANDIGHED

Aangesien die vernaamste oorweging vir die inrigting van 'n onderstandskamp op hierdie betrokke plaas die bou van 'n besproeiingsdam was, was die meeste van die mans in die kamp by die bou van die damwal betrokke. 'n Grondwal, wat by voltooiing die grootste in die land was, is in die Hamelspruit gebou. Grondverskuwing is gedoen met skotskarre en smalspoorkoekepanne wat deur perde, muile of osse getrek is, sowel as met kruiswagens. Vir die verskillende tipes werk is die werksmense in spanne volgens hulle ouerdomme en werkvermoë ingedeel. Een van hierdie spanne het uit seuns tussen twaalf en sestien jaar bestaan, terwyl 'n ander uit meer as 70 mans tussen 50 en 65 jaar bestaan het. Albei hierdie spanne het makliker take verrig. Mans bo 60 jaar is ook as touleiers en drywers aangewend, terwyl veel-eisender werk vir die middelgroep gereserveer is.<sup>54</sup> Onder die mans in die kamp was daar ook bouers, messelaars, klipkappers, wa- en tuiemakers en grofsmede wat meer gespesialiseerde werk kon verrig.<sup>55</sup>

*Werkers besig met die bou van die damwal.*

FOTO: VRYSTAATSE ARGIEFBEWAARPLEK, BLOEMFONTEIN



*Osse en muile is gebruik om die smalspoorkoekepanne te trek.*

FOTO: VRYSTAATSE ARGIEFBEWAARPLEK, BLOEMFONTEIN

## BEËINDIGING VAN DIE ONDERSTANDSWERKE

In September 1904, ongeveer twee jaar na die stigting van Mushroom Valley-kamp, het koerantberigte verskyn wat daarop dui dat van die inwoners die kamp moes verlaat.<sup>56</sup> In latere berigte is bevestig dat al die inwoners opdrag gekry het om die kamp voor die einde van November 1904 te ontruim.<sup>57</sup>

Die skielike en ontydige sluiting van die onderstandskamp het die grootste persentasie van die inwoners haweloos gelaat. In die meeste gevalle kon die mense in die kamp net-net aan die lewe bly solank hulle 'n loon ontvang het. Met die beeindiging van die onderstandswerke was die kampinwoners en veral die bywoners, wat geen ander heenkome gehad het nie, opnuut aan hulle lot oorgelaat. Dit het die Winburgse korrespondent van *De Vriend* met verontrustung laat vra: 'Waar moeten die mensen nu heen? Waar moeten zij kost en dekking krijgen?'<sup>58</sup> Op die Brandfort-kongres

<sup>49</sup> *De Fakkelaar*, 2.4.1903.

<sup>50</sup> C.O.301, pp. 6-7.

<sup>51</sup> *De Fakkelaar*, 2.4.1903.

<sup>52</sup> C.O.301, p. 7.

<sup>53</sup> *Ibid.*


<sup>54</sup> A416, pp. 11, 16, 17 en 19.

<sup>55</sup> *Ibid.*, p. 19.

<sup>56</sup> *De Vriend*, 30.9.1904.

<sup>57</sup> *Ibid.*, 11.11.1904.

<sup>58</sup> *Ibid.*



wat vroeg in Desember 1904 gehou is, het die afgevaardigde van Winburg, J.B. Haasbroek, die kongres meegedeel: ‘... onse arme mensen worden bij hopen te voet uit die kampe verdreven.’<sup>59</sup>

Dit was veral die onverwagte sluiting van die kamp, nog voordat die besproeiingsdam voltooi is, en die blykbaar ongevoelige wyse waarop inwoners verplig is om die kamp te ontruim, wat heftige kritiek uitgelok het. ‘Deze arme mensen zijn zonder haard en huid en vluchten over elkander om te trachten een bestaan te vinden, maar helaas overal worden zij teleurgesteld. Wat moeten van deze arme ongelukkige klassen worden?’<sup>60</sup> Ook die feit dat die damwal deur swart arbeiders voltooi is nadat hulpbehoewende blankes ontslaan is, het aanstoot gegee.<sup>61</sup>

Die onderstandswerke is na slegs twee jaar gesluit, blykbaar omdat die regering dit as onsuksesvol beskou het.<sup>62</sup> Vanuit ’n suiwer ekonomiese oogpunt was dit ’n verlies — deels as gevolg van die koste van blanke arbeid, maar ook as gevolg van ‘the hasty selection of unsuitable sites for the works’.<sup>63</sup> Laasgenoemde oorsaak was veral waar van die onderstandswerke by Strydfontein en Kransdraai.<sup>64</sup> Die outhoritêre sluiting van al die kampe op ’n uiterst ongeleë tydstip het veel van die nut daarvan ongedaan gemaak.

Die koste verbonde aan die Mushroom Valley-skema het £65 176 beloop, waarvan £49 275 as lone aan die inwoners uitbetaal is.<sup>65</sup> Op 31 Julie 1905 is die hele skema deur die landnedersettingsraad vir £21 000 oorgeneem, wat dus ’n finansiële verlies van meer as £44 000 impliseer.<sup>66</sup> Dit was juis die feit dat Mushroom Valley deur die landnedersettingsraad oorgeneem is, eerder as die uitgawe daarvan verbonde, wat die meeste kritiek uitgelok het. Op die Brandfort-kongres is ’n resolusie aanvaar waarin dit duidelik gestel is dat, volgens die mening van die kongres, die regering geen reg gehad het om nuwe setlaars van buite die grense van die ORK ten koste van die belang van die ou inwoners in te voer nie.<sup>67</sup> Die vestiging van Britse setlaars op plase in die ORK het veral van Afrikanerkant heftige kritiek uitgelok en Milner is daarvan beskuldig dat hy op dié wyse die kolonie wou verengels,<sup>68</sup> ’n beskuldiging wat in die lig van Milner se optrede en uitsprake nie ongegrond was nie.<sup>69</sup>

Die Imperial South African Association het Mushroom Valley saam met twee aangrensende plase op 1 Mei 1906 vir £20 870 van die regering van die ORK gekoop.<sup>70</sup> Sover vasgestel kon word, is minstens 22 setlaars op hierdie skema gevvestig.<sup>71</sup> Ongeveer drie jaar later (in April 1909) is die skema aan die Mushroom

Mushroom Valley-kamp was tussen die bome op die voorgrond en die agterste laning bome geleë. Met die uitsondering van enkele klifsfondamente is daar van die kamp vandag niks meer te sien nie.

FOTO: NASIONALE MUSEUM, BLOEMFONTEIN



Agricultural Training Association Ltd oorgedra.<sup>72</sup> Tans is Mushroom Valley en die aangrensende plase, waarvan enkeles nog uit die dam besproei word, weer in privaat besit.<sup>73</sup>

Een van die min oorblyfsels van die Mushroom Valley Agricultural Training Association Ltd wat nog op die plaas te sien is, is hierdie inskripsie bokant die melkkamer se deur.

FOTO: NASIONALE MUSEUM, BLOEMFONTEIN



## BESLUIT

Onderstandswerke wat as ‘temporary and palliative’<sup>74</sup> beskryf is, het as sodanig ’n noodsaklike funksie vervul. Dat die onderstandswerke op regeringsgrond gevestig is, het ’n groot besparing beteken, maar die terreine was nie altyd geskik vir besproeiing nie en derhalwe was die besproeiingsprojekte ekonomies nie lewensvatbaar nie.<sup>75</sup> Die skielike en oorhaastige sluiting van die kampe in ’n stadium toe die algemene ekonomiese toestand in die ORK as gevolg van die oorlog en die daaropvolgende droogte nog geensins voldoende herstel het nie, het tot gevolg gehad dat baie van die inwoners na twee jaar se werk nijs beter daaraan toe was as net na die oorlog nie.<sup>76</sup> Net soos repatriasie en kompensasie het die onderstandswerke in die praktyk as noodlenigingsmaatreel grotendeels misluk as gevolg van die onsimpatieke wyse waarop dit hanteer is. Uiteindelik het die prysenswaardige poging van regeringskant om die ver-armde bevolking op te hef, nog groter wrewel en onmin teen die koloniale regering tot gevolg gehad. ▀

<sup>59</sup> Offisieel verslag ... Nasionaal Kongres, p. 73.

<sup>60</sup> De Vriend, 30.9.1904.

<sup>61</sup> Offisieel verslag ... Nasionaal Kongres, p. 73.

<sup>62</sup> R.A. Lewis, ‘A study of some aspects of the poor white problem in South Africa’ (M.A., Rh.U., 1973), p. 21.

<sup>63</sup> L.S. Amery (red.), *The Times history of the war in South Africa*, VI (Londen, 1909), p. 56.

<sup>64</sup> De Vriend, 20.1.1905; *The Friend*, 19.11.1906.

<sup>65</sup> A416, p. 15.

<sup>66</sup> *The Friend*, 19.11.1905; A416, p. 15.

<sup>67</sup> Offisieel verslag ... Nasionaal Kongres, p. 74.

<sup>68</sup> C.J.P. le Roux, ‘Grondtoekenning en landelike vestiging in die Oranjerivierkolonie/Oranje-Vrystaat, 1900-1902’, *Contree* 27, April 1990, p. 12.

<sup>69</sup> C. Headlam (red.), *The Milner papers: South Africa 1899-1905*, II (Londen, 1933), pp. 242 en 283.

<sup>70</sup> A4304 Land Settlement ORC. Memorandum of an agreement between the Government of the ORC and the Imperial South African Association, 19.4.1909.

<sup>71</sup> Le Roux, ‘Grondtoekenning’, p. 14.

<sup>72</sup> A5114 Land Settlement, ORC. Correspondence between the Government of the ORC and the ISSA regarding the terms of purchase of Mushroom Valley, 19.4.1909.

<sup>73</sup> Mondelinge mededelings: mnr. J.F.J. van Rensburg en mev. Beeslaar, Mushroom Valley, Winburg, en mnr. John Eksteen, Grasvlei, Winburg, 31.10.1990.

<sup>74</sup> Worsfold, *Reconstruction new colonies*, p. 79.

<sup>75</sup> C.O.301; Amery, *Times history VI*, p. 56; De Vriend, 20.1.1905.

<sup>76</sup> The Friend, 18.2.1905.